



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

NOVEMBER 2012

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n 2 bladsy-antwoordblad.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

AFDELING	PUNTE	TYD (MINUTE)
A Kortvrae	40	20
B Voedsel en Voeding	40	40
C Kleding	40	40
D Behuising en Huishoudelike Toerusting	40	40
E Teorie van Produksie en Entrepreneurskap	40	40

2. AL die afdelings is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD en plaas dit AGTER in jou ANTWOORDEBOEK.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.
7. Skryf slegs met swart of blou ink.
8. In hierdie vraestel tel EEN feit EEN punt.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.24) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

VOORBEELD:

A	X	C	D
---	---	---	---

- 1.1.1 Om verbruikers nie te mislei nie, moet die volgende inligting NIE op voedseletikette verskyn NIE:

- A Laevet
 - B Suikervry
 - C Minder vet
 - D Veselryk
- (1)

- 1.1.2 'n Voordeel van organiese voedsel:

- A Gekweek met chemiese kunsmis
 - B Groter seisoenale oeste
 - C Bevat groeistimulante
 - D Verorsaak minder allergieë
- (1)

- 1.1.3 Een van die algemeenste oorsake van allergiese reaksies:

- A Grondbone
 - B Lemoene
 - C Rooivleis
 - D Suiker
- (1)

- 1.1.4 'n Tekort aan hierdie nutriënte kan anemie veroorsaak:

- A Foliensuur, yster en vitamien D
 - B Yster, vitamien A en vitamien B₁₂
 - C Vitamien B₁₂, yster en foliensuur
 - D Kalsium, vitamien B₁₂ en vitamien C
- (1)

- 1.1.5 Watter van die volgende vitamieë speel 'n rol in die versterking van die immuunstelsel?

- A Vitamien C, vitamien B₁₂, vitamien E
 - B Vitamien A, vitamien B₁₂, vitamien D
 - C Vitamien B₆, vitamien C, vitamien E
 - D Vitamien A, vitamien B₆, vitamien C
- (1)

- 1.1.6 'n Langtermyngevolg van anorexia nervosa:
- A Onvrugbaarheid en vertraagde groei
 - B Dehidrasie en buikswelling
 - C Lae bloeddruk en geelsug
 - D Beenfrakture en bleekheid (1)
- 1.1.7 'n Moontlike eienskap van 'n individu wat aan anorexia nervosa ly:
- A Allergies vir suiwelprodukte
 - B Swak selfbeeld
 - C Onvermoë om koolhidrate te verteer
 - D Nie begaan oor gewigstoename nie (1)
- 1.1.8 Watter EEN van die volgende voedselgebaseerde dieetriglyne speel 'n rol om die risiko van hipertensie te verlaag?
- A Drink baie skoon, veilige water
 - B Verbruik voedsel en drankies wat suiker bevat spaarsamig
 - C Eet min vette
 - D Gebruik min sout (1)
- 1.1.9 Rakesh is 'n vegetariër en het onlangs moeg begin voel. Aan watter dieetverwante gesondheidstoestand ly hy moontlik?
- A Anemie
 - B Koronêre hartsiekte
 - C Diabetes
 - D Osteoporose (1)
- 1.1.10 Watter EEN van die volgende moet eerste genader word as 'n verbruiker oor swak dienslewering kla?
- A Handelaar
 - B Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
 - C Nasionale Verbruikersforum
 - D Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (1)
- 1.1.11 'n Funksie van die Nasionale Verbruikersforum:
- A Gee die verbruiker 'n geleentheid om die media te gebruik om te kla
 - B Hanteer klagtes namens verbruikers
 - C Bevorder 'n mededingende omgewing in Suid-Afrika
 - D Beskerm verbruikers se regte (1)
- 1.1.12 Die periode van assessering van inkomstebelasting vir individue:
- A 6 maande
 - B 12 maande
 - C 18 maande
 - D 24 maande (1)

- 1.1.13 In kleding verwys individualiteit na ...
- A 'n gevoel dat 'n mens behoort.
 - B persoonlike styl.
 - C die dra van korporatiewe kleding.
 - D die koop van dieselfde klere as die groep. (1)
- 1.1.14 Haute couture verwys na ...
- A mode wat buitensporig is en vir 'n lang tydperk gewild is.
 - B modestyle wat elegant is en lank gewild bly.
 - C mode wat algemeen aanvaar word.
 - D modestyle wat uniek is en deur 'n klein groepie mense gedra word. (1)
- 1.1.15 Watter nieverbale boodskap word deur die volgende prentjie uitgebeeld?



- A Godsdienst
 - B Huwelikstatus
 - C Kultuur
 - D Beroep (1)
- 1.1.16 'n Belangrike proses om produkte te standaardiseer:
- A Produkspesifikasies
 - B Teken vloekaarte
 - C Produkskedules
 - D Aanpassing van prosesse (1)
- 1.1.17 Die volgende aspek moet oorweeg word wanneer produksieskedules beplan word:
- A Etiketring van produkte
 - B Beskikbare geld
 - C Werksverdeling
 - D Die teikenmark (1)

- 1.1.18 Die volgende beginsel is belangrik in voorraadbeheer en bergingsprosedures:
- A Voldoen aan spesifikasies
 - B Plaas nuwe voorraad agter
 - C Gebruik menslike hulpbronne ekonomies
 - D Belê in kwaliteitverpakking (1)
- 1.1.19 Verpakking wat die omgewing sal onderhou, moet altyd ...
- A goedkoop en kleurvol wees.
 - B duur en duursaam wees.
 - C sterk en goed ontwerp wees.
 - D van herwinbare materiaal gemaak word. (1)
- 1.1.20 Die werksomstandighede van werknemers word deur die ... bepaal.
- A Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
 - B Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)
 - C Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)
 - D Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) (1)
- 1.1.21 Die volgende word in 'n dienskontrak ingesluit:
- A Noodkontaknommers
 - B Name van afhanklikes
 - C Diensvoorwaardes
 - D Vorige werkgewers (1)
- 1.1.22 'n Goeie rekordstelsel moet ...
- A die finansiële prestasie voortdurend monitor.
 - B professionele boekhouders gebruik.
 - C 'n rekenaarprogram gebruik.
 - D die stelsel ten minste een maal per jaar hersien. (1)
- 1.1.23 'n Suksesvolle entrepreneur moet ... hê.
- A 'n besigheidskwalifikasie
 - B 'n goeie humorsin
 - C goeie bestuursvaardighede
 - D die nuutste tegnologie (1)
- 1.1.24 'n Gevolg van swak afvalbestuur op die omgewing:
- A 'n Kleiner koolstofvoetspoor
 - B Bewyse van termiese verwarming
 - C Verhoogde aardverwarming
 - D Al die bogenoemde (1)

- 1.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.
- 1.2.1 Die betaling wat aan die eiendomsagent gemaak word deur die verkoper en/of koper (1)
- 1.2.2 Die tipe verband wat as sekuriteit op 'n eiendom geregistreer is en met rente in maandelikse paaieimente terugbetaal word (1)
- 1.2.3 Belasting wat betaal word wanneer eiendom gekoop word en die oordrag van eienaarskap gefinaliseer is (1)
- 1.2.4 Die dokument wat huiseienaarskap bewys (1)
- 1.2.5 Geld wat aan die verkoper betaal word indien die koper in die huis bly voordat die huis in die koper se naam geregistreer is (1)
- 1.2.6 Die tipe rente wat onveranderd bly wanneer die rentekoers skommel (1)
- 1.2.7 Die fooi wat aan die prokureur betaal word wat toesig hou oor die oordrag- en registrasieproses (1)
- 1.3 Kies VIER sosiale faktore uit die lys hieronder wat modeneigings sal beïnvloed. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–H) langs die vraagnommer (1.3) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.
- A Nuwe handelsregulasies
- B Verhoogde verbruikersinkomste
- C Media en elektroniese kommunikasie
- D Hoër opvoedingspeil
- E Ou verspreidingsmetodes
- F 'n Verandering in mense se waardes
- G Verhoogde mobiliteit van verbruikers
- H Veranderende rol van verbruikers (4)

- 1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by die term in KOLOM A te pas. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–H) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

KOLOM A TERM		KOLOM B BESKRYWING	
1.4.1	Kapitaalwinsbelasting	A	Belasting wat op luukse items soos tabak betaal word
1.4.2	Eiendomsbelasting	B	Om 'n beraamde bedrag belasting meer as een maal per jaar te betaal
1.4.3	Lopende betaalstelsel	C	Belasting wat by die waarde van 'n produk gevoeg word tydens elke stadium van die vervaardiging daarvan
1.4.4	Voorlopige belasting	D	Belasting wat aan die plaaslike munisipaliteit betaal word deur mense wat grond besit
1.4.5	Aksynsreg	E	Belasting wat maandeliks van iemand se salaris afgetrek word
		F	'n Heffing wat op alle goedere wat die land binnekom, betaal word
		G	Belasting wat betaal word op die wins wat gemaak is as 'n vakansiehuis verkoop word
		H	Belasting wat aan SAID betaal word deur mense wat eiendom besit

(5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING**VRAAG 2**

- 2.1 Beskryf wat *Tipe 1-diabetes* is. (3)
- 2.2 Verduidelik TWEE verskille tussen 'n *melkallergie* en *laktose-intoleransie*. (4)
- 2.3 Bestudeer die inhoud van die twee kospakkies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KOSPAKKIE A	KOSPAKKIE B
Laevet-, versoete jogurt Waatlemoenstukkies Kersietamaties en komkommer Rogbrood met cheddarkaas	Laevetmelk Druwe Komkommer- en wortelstukkies Provitas (volgraanbeskuitjies) met laevetmaaskaas

Kies, met redes, die kospakkie wat die beste keuse sal wees vir 'n persoon met:

- 2.3.1 Tipe 1-diabetes (8)
- 2.3.2 Laktose-intoleransie (4)
- 2.4 Beantwoord die volgende vrae oor cholesterol:
- 2.4.1 Definieer *cholesterol*. (2)
- 2.4.2 Verduidelik die gevare van 'n hoë bloedcholesterolvlak. (5)

- 2.5 Bestudeer die lys bestanddele vir die twee muffinresepte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MUFFINRESEP A (Lewer 12 muffins)	MUFFINRESEP B (Lewer 12 muffins)
500 m ℓ koekmeel	250 m ℓ koekmeel
20 m ℓ bakpoeier	20 m ℓ bakpoeier
2,5 m ℓ sout	2,5 m ℓ fyn gemengde speserye
30 m ℓ suiker	5 m ℓ fyn kaneel
250 m ℓ melk	2,5 m ℓ sout
1 eier, goed geklits	250 m ℓ volgraanmeel
60 m ℓ gesmelte botter	60 m ℓ bruinsuiker
250 m ℓ gerasperde cheddarkaas	100 m ℓ pitlose rosyne
	1 eier
	250 m ℓ melk
	90 m ℓ gesmelte mediumvetmargarien

- 2.5.1 Teken die volgende tabel in jou ANTWOORDEBOEK oor. Vergelyk die TWEE muffinresepte met betrekking tot hul nutriëntinhoud.

	RESEP A	RESEP B
Vetinhoud	(2)	(2)
Suikerinhoud	(1)	(1)

(6)

- 2.5.2 Watter resep sal die beste wees vir 'n persoon met hoë bloedcholesterol en vetsug? Motiveer jou keuse.

(8)

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: KLEDING**VRAAG 3**

3.1 Bespreek waarom 'n persoon gepas geklee moet wees vir werk in die korporatiewe wêreld. (5)

3.2 Bestudeer die volgende uitrustings vir mans en beantwoord die vrae wat volg.

UITRUSTING A	UITRUSTING B	UITRUSTING C
<ul style="list-style-type: none"> • Styfpassende, rekbare langmou-hemp met luiperdpatroon • Swart linne-onderbaadjie • Swart kantdas • Ontwerpersdenim-jeans • Swart skoene 	<ul style="list-style-type: none"> • Bruin Madiba-sy hemp met lang moue • Swart langbroek • Swart skoene 	<ul style="list-style-type: none"> • Wit langmouhemp • Swart strepiespak • Geblomde das • Swart skoene

3.2.1 Identifiseer die uitrusting wat 'n voorbeeld van 'n modegier is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.2.2 Identifiseer die kledingstuk wat 'n voorbeeld van 'n modeneiging is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.2.3 Vergelyk die verskille tussen die modesiklus vir Uitrusting A en Uitrusting C. Tabuleer jou antwoord soos volg:

MODESIKLUS VIR UITRUSTING A	MODESIKLUS VIR UITRUSTING C

3.3 Gee riglyne oor hoe om oor die swak houding van 'n verkoops persoon by 'n plaaslike klerewinkel te kla. (5)

3.4 Noem SES riglyne om te oorweeg wanneer 'n basiese klerekas vir die werksomgewing beplan word. (6)

- 3.5 Lees die scenario hieronder, ontleed die prentjies en beantwoord dan die vrae wat volg.

Gloria, wat 20 jaar oud is, is as kantoorassistent by 'n modegroot-handelaar aangestel. Sy help Maandae en Vrydae in die verkoopsafdeling. Haar kontrak dui aan dat sy Maandae en Vrydae, wanneer sy met die publiek werk, die maatskappy se uniform moet dra. Die maatskappy se uniform bestaan uit 'n noupassende romp, wit bloese en formele baadjie. Die res van die week moet sy professioneel geklee wees. Geen informele klere, kortbroeke, jeans, tekkies of handelsnaametikette word toegelaat nie. Hieronder is die uitrustings wat sy vir 'n week gekies het.



Maandag



Dinsdag



Woensdag



Donderdag



Vrydag

- 3.5.1 Verduidelik waarom handelsnaametikette nie deel van hierdie maatskappy se professionele kleredragkode is nie. (2)
- 3.5.2 'Gloria het 'n beter selfbeeld wanneer sy die maatskappy se uniform dra.'
Bespreek hierdie stelling. (5)
- 3.5.3 Bespreek of die uitrustings wat sy gekies het, voldoen aan die maatskappy se kleredragkode en die vereistes van haar kontrak. (7)

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN HUISHOUEDELIKE TOERUSTING**VRAAG 4**

4.1 'n Behuisingskompleks het verpligtinge en reëls. Maak seker dat jy genoeg inligting oor die regspersoon het wanneer jy dit oorweeg om eiendom in 'n behuisingskompleks te koop.
[Aangepas uit *Business Times*, 21 Augustus 2011]

4.1.1 Na watter tipe huiseienaarskap word in die uittreksel verwys? (1)

4.1.2 Gee 'n kort beskrywing van wat 'n *regspersoon* is. (2)

4.1.3 Verduidelik die verantwoordelikhede van die volgende partye met betrekking tot instandhouding in 'n behuisingskompleks:

(a) Die regspersoon (2)

(b) Die eienaars (2)

4.2 'Nadat ek die huis ontruim het wat ek gehuur het, het die huiseienaar die grootste deel van my deposito gevat nadat hy deur 'n lysie goed gegaan het van wat stukkend of vermis was voordat ek ingetrek het. Hy het die stort wat ek op eie koste herstel het, afgemerkt. Dit is duidelik dat hy al sy huurders met dieselfde lysie kul.'

'Hoe beskerm 'n mens jouself teen oneerlike huiseienaars?'
[Brief uit *Business Times*, 2 Oktober 2011]

4.2.1 Reageer op die skrywer se vraag. (6)

4.2.2 Noem VYF voordele van die huur van verblyf. (5)

4.3 Noem SES probleme wat deur swak vullisbestuur veroorsaak word. (6)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Lucky en Nelly het onlangs hul lewe saam begin en geniet dit om hul vriende te onthaal. Hulle spaar tans om oor drie jaar 'n huis te koop. Hulle huur 'n woonstel met 'n klein toegeruste kombuisie met 'n spesifieke ruimte van 2 000 mm hoog x 620 mm breed vir die yskas. Nelly wil 'n yskas as een van hulle korttermyn-doelwitte koop.

Die twee yskas-vrieskas-kombinasies hieronder is in 'n strooibiljet van 'n goed gevestigde handelaar geadverteer en is albei van dieselfde betroubare vervaardiger.

MODEL A Yskas-vrieskas-kombinasie	MODEL B Yskas-vrieskas-kombinasie
A-energiegradering 346 liter Ontvries outomaties Verstelbare termostaat 24 maande-waarborg Grootte: 1 740 mm hoog x 600 mm breed x 618 mm diep Prys: R3 989,00 SABS-goedgekeur	A-energiegradering 430 liter Moet met die hand ontvries word Elektroniese kontrole 24 maande-waarborg Grootte: 1 881 mm hoog x 595 mm breed x 646 mm diep Prys: R4 989,00 SABS-goedgekeur

4.4.1 Noem SES maniere hoe 'n mens elektrisiteit in die huis kan bespaar wanneer 'n yskas gebruik word. (6)

4.4.2 Kies die yskas-vrieskas-kombinasie wat die beste keuse vir Nelly sal wees volgens die volgende VYF kriteria:

- (a) Beskikbare ruimte in die huis
- (b) Impak op die omgewing
- (c) Kenmerke/Funksies
- (d) Bekostigbaarheid
- (e) Kwaliteit

Motiveer jou keuse. (10)

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTREPRENEURSKAP**VRAAG 5**

Bestudeer die strooibiljet hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Siek en sat om koud te kry
in die winter?**

Stel jou voor ...
warm ore, nek en hande
en stomende warm sop ...

Wat en waar?



- Musse in 'n verskeidenheid kleure @ R45,00 elk
- Bonkige serpe in 'n verskeidenheid kleure @ R60,00 elk
 - Warm handskoene @ R50,00 per paar
 - 'n Verskeidenheid tuisgemaakte soppe vanaf R15,00 per porsie



Hierdie produkte kan elke Saterdag by
Winter Warmers
by die mark op die dorpsplein gekoop
word vanaf 09:00–15:00

Koop NOU! Moenie nog 'n week laat verbygaan sonder
om reg te wees vir die koue nie.
Jy verdien om warm te bly!

Produkte kan ook by Dudu bestel word
083 706 5434

- 5.1 Noem VIER verskillende tipes materiële/niemenslike hulpbronne wat hierdie onderneming sal benodig om die produkte in die strooibiljet te vervaardig. (4)
- 5.2 Noem wat hierdie onderneming kan doen om goeie kliënteverhoudinge te verseker met betrekking tot:
- 5.2.1 Die produk (3)
- 5.2.2 Interaksie met klante (3)
- 5.3 Verduidelik waarom die naam 'Winter Warmers' gepas is vir hierdie onderneming. (3)
- 5.4 Promosie is een van die P's wat deel vorm van die bemerkingsresep. Verduidelik hoe die ander DRIE P's van die bemerkingsresep in die strooibiljet gebruik is. (6)

- 5.5 Die produksiekoste van een bonkige serpe is R35,00. Die bonkige serpe word teen R60,00 elk verkoop. Toon ALLE berekeninge wanneer die volgende vrae beantwoord word.
- 5.5.1 Bereken die wins op EEN bonkige serpe. (3)
- 5.5.2 'Winter Warmers' produseer 250 serpe gedurende Mei. Bereken hoeveel serpe verkoop moet word voordat die onderneming gelykbreek. (5)
- 5.6 Die ABBA-beginsels van advertering is:
- Aandag
 - Belangstelling
 - Begeerte
 - Aksie
- Verduidelik hoe hierdie onderneming al VIER ABBA-beginsels gebruik het toe hulle hul strooibiljet ontwerp het. (8)
- 5.7 'Hierdie onderneming loop die risiko om nie winsgewendheid te kan volhou nie.'
- 5.7.1 Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (2)
- 5.7.2 Stel DRIE oplossings voor om die volhoubaarheid van die onderneming te verseker. (3)
- TOTAAL AFDELING E: 40**
GROOTTOTAAL: 200

ANTWOORDBLAD

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--


EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

AFDELING A

VRAAG 1.1

1.1.1	A	B	C	D	(1)
1.1.2	A	B	C	D	(1)
1.1.3	A	B	C	D	(1)
1.1.4	A	B	C	D	(1)
1.1.5	A	B	C	D	(1)
1.1.6	A	B	C	D	(1)
1.1.7	A	B	C	D	(1)
1.1.8	A	B	C	D	(1)
1.1.9	A	B	C	D	(1)
1.1.10	A	B	C	D	(1)
1.1.11	A	B	C	D	(1)
1.1.12	A	B	C	D	(1)
1.1.13	A	B	C	D	(1)
1.1.14	A	B	C	D	(1)
1.1.15	A	B	C	D	(1)
1.1.16	A	B	C	D	(1)
1.1.17	A	B	C	D	(1)
1.1.18	A	B	C	D	(1)
1.1.19	A	B	C	D	(1)
1.1.20	A	B	C	D	(1)
1.1.21	A	B	C	D	(1)
1.1.22	A	B	C	D	(1)
1.1.23	A	B	C	D	(1)
1.1.24	A	B	C	D	(1)



24	
-----------	--

VRAAG 1.2

1.2.1		(1)
1.2.2		(1)
1.2.3		(1)
1.2.4		(1)
1.2.5		(1)
1.2.6		(1)
1.2.7		(1)
		7

VRAAG 1.3

1.3	A	B	C	D	E	F	G	H	(4)
									4

VRAAG 1.4

1.4.1	A	B	C	D	E	F	G	H	(1)
1.4.2	A	B	C	D	E	F	G	H	(1)
1.4.3	A	B	C	D	E	F	G	H	(1)
1.4.4	A	B	C	D	E	F	G	H	(1)
1.4.5	A	B	C	D	E	F	G	H	(1)
									5

TOTAAL AFDELING A: 40